# GOVERNMENT NOTICES
# GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## DEPARTMENT OF TRANSPORT
## DEPARTEMENT VAN VERVOER

**No. R. 543** **25 June 2015**

## MERCHANT SHIPPING ACT, 1951

## MERCHANT SHIPPING (EYESIGHT AND MEDICAL EXAMINATION) AMENDMENT REGULATIONS, 2015

I, Dipuo Peters, Minister of Transport, under section 356 of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), hereby amend the Merchant Shipping (Eyesight and Medical Examination Regulations, 2004) as set out in the Schedule below.

Ms Peters

**Mrs. Dipuo Peters, MP.**
**MINISTER OF TRANSPORT**
**DATE:** 01/06/2015

# SCHEDULE

## MERCHANT SHIPPING (EYESIGHT AND MEDICAL EXAMINATION) AMENDMENT REGULATIONS, 2015

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing regulations.

________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing regulations.

**Interpretation**

**1.** In this Schedule "the Regulations" means the Merchant Shipping (Eyesight and Medical Examination) Regulations, 2004, published by Government Notice No. R. 1197 of 15 October 2004.

**Amendment of regulation 2 of Regulations**

**2.** Regulation 2 of the Regulations is amended by the substitution for paragraph *(d)* of the following paragraph:

"*(d)* give effect to Regulation I/9 annexed to the STCW Convention and **[section]** sections A-I/9 and B-1/9 of the STCW Code referred to in that Convention, the

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

Maritime Labour Convention, 2006 and Work in Fishing Convention 2007".

**Amendment of regulation 3 of Regulations**

**3.** Regulation 3 of the Regulations is amended by the insertion after the definition of "approved" of the following definition:

""**Code**" means the South African Maritime Qualifications Code;".

**Amendment of regulation 6 of Regulations**

**4.** Regulation 6 of the Regulations is amended by the insertion of subsection (2) of the regulation:

"**6**. (2) Standards of medical fitness are as published in the Code.".

**Amendment of regulation 10 of Regulations**

**5.** Regulation 10 of the Regulations is amended by the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

"(1) In determining an applicant's medical fitness, a medical examiner must have regard to the Guidance and the guidelines published in the Code in addition to applying normal medical fitness considerations.".

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

**Amendment of regulation 11 of Regulations**

**6.** Regulation 11 of the Regulations is amended—

*(a)* by the substitution in subregulation (1) for the words following paragraph *(b)* of the following words:

"he or she must issue to the applicant a medical certificate substantially in accordance with the form of certificate set out in the **[Appendix to the Guidance]** Code."; and

*(b)* by the substitution for subregulation (2) of the following subregulation:

"(2) The medical examiner must set out in the medical certificate his or her assessment of the applicant's medical fitness as **[either—**

***(a)*** **unfit for service at sea; or**

***(b)*** **fit for service at sea with restrictions; or**

***(c)*** **fit for service at sea without restrictions]** contemplated in the Code.".

**Amendment of regulation 20 of Regulations**

**7.** Regulation 20 of the Regulations is amended—

*(a)* by the substitution for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"A person is required to pass the colour and form vision tests set out in **[Annex 2 (in this Part called 'eyesight tests')]** the Code if that person's intended duties as a seafarer include

watchkeeping duties in the deck or engine department and that person—";

*(b)* by the substitution at the end of paragraph *(b)* for the expression "; or" of a full-stop; and

*(c)* by the deletion of paragraph *(c)*.

**Amendment of regulation 23 of Regulations**

**8.** Regulation 23 of the Regulations is amended—

*(a)* by the substitution for subregulation (2) of the following subregulation:

"(2) An eyesight certificate is valid from the date of issue for a period of 12 months, except that a lantern colour vision certificate is valid for a period of six years."; and

(b) by the addition of subregulation (3) as follows:

"(3) A valid colour vision certificate must be submitted for any new certification issue or re-validation of a certificate of competency or proficiency.".

**Deletion of regulation 26 of Regulations**

**9.** Regulation 26 of the Regulations is hereby deleted.

**Amendment of Annex 1 of Regulations**

**10.** Annex 1 of the Regulations is amended—

*(a)* by the addition in section 1 after item 12 of the following words:

> "13. Reference should be made to the ILO and IMO Guidelines on the medical examinations of seafarers as published in the Code.";

*(b)* by the deletion of sections 2 and 3; and

*(c)* by the deletion of the Appendix.

**Deletion of Annex 2 of Regulations**

**11.** Annex 2 of the Regulations is hereby deleted.

**Short title and commencement**

**12.** These Regulations are called the Merchant Shipping (Eyesight and Medical Examination) Amendment Regulations, 2015 and come into effect on the date of publication in the *Gazette*.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

**No. R. 543** **25 Junie 2015**

## HANDELSKEEPVAARTWET, 1951 (WET No. 57 VAN 1951)

## HANDELSKEEPVAARTREGULASIES (GESIGSVERMOË- EN MEDIESE ONDERSOEK) (WYSIGING), 2014

Die Minister van Vervoer het, kragtens artikel 356 van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

**Mev. Dipuo Peters, LP**
**MINISTER VAN VERVOER**
**Datum:**

## BYLAE

**Uitleg**

**1.** In hierdie bylae beteken "die Regulasies" die Handelskeepvaartregulasies (Gesigsvermoë- en Mediese Ondersoek), 2004, gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1197 van 15 Oktober 2004.

**Wysiging van regulasie 2 van Regulasies**

**2.** Regulasie 2 van die Regulasies word gewysig deur paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang:

> "(d) gee uitvoering aan Regulasie I/9 aangeheg by die STCW-konvensie, soos gewysig, en Seksies A-I/9 en B-1/9 van die STCW-kode in daardie Konvensie bedoel, die Maritieme Arbeidskonvensie, 2006, en die Werk in Vissery-konvensie, 2007 (C188).".

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

**Wysiging van regulasie 3 van Regulasies**

**3.** Regulasie 3 van die Regulasies word gewysig deur die invoeging van die volgende omskrywing na die omskrywing van "houer":

"'**Kode**' die Suid-Afrikaanse Maritieme Kwalifikasiekode;".

**Vervanging van regulasie 6 van Regulasies**

**4.** Regulasie 6 van die Regulasies word deur die volgende regulasie vervang:

**"Vereiste om medies geskik te wees**

**6**. Behoudens artikels 101(5) en 111(4)*(b)* van die Wet moet 'n persoon op wie hierdie regulasies van toepassing is, nie op 'n skip pligte as 'n seevaarder verrig of daarop in diens geneem word om pligte as 'n seevaarder te verrig nie, tensy daardie persoon medies geskik is om daardie pligte te verrig. Die standaarde van mediese geskiktheid is daardie wat in die Kode gepubliseer is.".

**Wysiging van regulasie 10 van Regulasies**

**5.** Regulasie 10 van die Regulasies word gewysig deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) By die bepaling van 'n aansoeker se mediese geskiktheid moet 'n mediese ondersoeker, benewens die toepassing van normale oorwegings rakende mediese geskiktheid, ag slaan op die *Riglyne vir mediese ondersoeke van seevaarders* en die riglyne wat in die Kode gepubliseer is.".

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

**Wysiging van regulasie 11 van Regulasies**

**6.** Regulasie 11 van die Regulasies word gewysig—

(a) deur die paragraaf na paragraaf (1)(b) deur die volgende paragraaf te vervang:

> "moet hy of sy aan die aansoeker 'n mediese sertifikaat uitreik wesenlik in ooreenstemming met die vorm van die sertifikaat wat in die Kode uiteengesit is.";

(b) deur subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

> "(2) Die mediese ondersoeker moet in die mediese sertifikaat sy of haar beraming van die aansoeker se mediese geskiktheid uiteensit soos in die Kode uiteengesit word.".

**Wysiging van regulasie 20 van Regulasies**

**7.** Regulasie 20 van die Regulasies word gewysig—

(a) deur in Regulasie 20 die paragraaf wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende paragraaf te vervang:

> "'n Persoon moet die gesigsvermoëtoetse vir kleur en vorm in die Kode uiteengesit slaag as die persoon se pligte as 'n seevaarder wagdiens in die dek- of enjinafdeling insluit en as die persoon—";

(b) deur in paragraaf (b) na die woord "voorlê" die interpunksie en woord "; of" deur die volgende interpunksie "." te vervang;

(c) deur paragraaf (c) te skrap.

**Wysiging van regulasie 23 van Regulasies**

**8.** Regulasie 23 van die Regulasies word gewysig deur subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

> "(2) 'n Gesigsvermoësertifikaat is geldig vanaf die datum van uitreiking vir 'n tydperk van 12 maande, uitgesonderd 'n

gesigsvermoësertifikaat vir lanternkleur wat vir 'n tydperk van ses jaar geldig is. 'n Geldige gesigsvermoësertifikaat vir kleur moet ingedien word vir enige nuwe sertifikaatuitreiking of die hergeldigverklaring van 'n sertifikaat van bekwaamheid of bekwaamheidsertifikaat.".

**Skrapping van regulasie 26 van Regulasies**

**9.** Regulasie 26 van die Regulasies word geskrap.

**Vervanging van Aanhangsel 1 en Byvoegsel by Aanhangsel 1 van Regulasies**

**10.** Aanhangsel 1 en die Byvoegsel by Aanhangsel 1 van die Regulasies word deur die volgende Aanhangsel vervang:

## "AANHANGSEL

## RIGLYNE VIR MEDIESE ONDERSOEKE VAN SEEVAARDERS

## ALGEMENE INLEIDING

1. Seevaart is 'n potensieel gevaarlike beroep wat 'n hoë standaard van gesondheid en fiksheid verg van diegene wat toetree of hertoetree tot die bedryf. 'n Bevredigende standaard van voortdurende goeie gesondheid is nodig vir diensdoende seevaarders regdeur hul beroep as gevolg van die hoë inherente risiko van die beroep. Dit is derhalwe beter om by 'n aanvanklike ondersoek 'n aansoeker uit te sluit as daar enigsins twyfel bestaan oor sy of haar voortgesette fiksheid.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

Buigsaamheid moet uitgeoefen word slegs gedurende ondersoeke vir behoud.

2. Die mediese en gesigsvermoëstandaarde gee leiding oor gesondheidsmaatstawwe waaraan voldoen moet word. Toegewing moet gemaak word vir die onvermydelike verswakking van gesondheid wat tyd en verandering bring, sodat 'n redelik fikse seevaarder, as hy of sy dit verlang, op die see kan aanbly tot die goedgekeurde aftree-ouderdom. Sterk aanbevelings is gemaak om diegene uit te sluit wat aan mediese toestande ly wat onversoenbaar blyk te wees met voortgesette seevaart.

3. Dit is vanselfsprekend onmoontlik om binne die standaarde spesifieke advies oor elke mediese toestand in te sluit. Dit is egter 'n algemene reël dat die mediese ondersoeker in elke geval oortuig moet wees dat geen siekte of defek, wat óf deur werk op see vererger kan word óf 'n onaanvaarbare gesondheidsgevaar vir die individuele seevaarder, ander bemanningslede of die veiligheid van die skip kan inhou, aanwesig mag wees nie.

4. Afgesien van die suiwer mediese aspekte moet die beroepsagtergrond oorweeg word, veral in gevalle waar daar twyfel bestaan. Dit is nodig om daarop nadruk te lê dat 'n skip nie net 'n plek is van werk wat regdeur die dag en nag aandag verg nie, maar ook 'n tydelike tuiste is waar die bemanning moet eet, slaap en ontspan. Die allerbelangrikste is die noodsaaklikheid om tydens 'n reis, dikwels vir lang tydperke, by mekaar aan te pas. Alhoewel baie gedoen word om die leef- en werktoestande te verlig, bly sekere inherente kenmerke soos dit is. 'n Bemanning is 'n hegte gemeenskap wat in 'n skip woon wat selde doodstil of bewegingloos is. Individuele eetgewoontes en smake kan nie maklik bevredig word nie; die fasiliteite vir liggaamlike oefening is beperk; gedwonge ventilasiestelsels word gebruik; en die eentonigheid van roetine kan maklik neerdrukkend raak in die afwesigheid van normale afleiding wat deur diegene op land geniet kan word. 'n Onvermoë om in te pas of onwilligheid om verantwoordelikheid te neem of 'n redelike mate van noodsaaklike

dissipline te aanvaar, kan die veiligheid en doeltreffende werking van die skip in gevaar stel.

5. Baie min handelskepe het dokters aan boord. Akute siekte of besering word hanteer deur die aangewese skeepsoffisiere wie se opleiding beperk is tot noodhulp of mediese noodbehandeling. Dit moet in gedagte gehou word dat 'n bemanningskomponent versigtig aangepas word ooreenkomstig sy grootte. Siekte kan ander bemanningslede belas of selfs die doeltreffende werking van 'n skip benadeel. Die ondersoekende dokter moet derhalwe oortuig wees dat geen toestand aanwesig is wat tydens 'n reis waarskynlik tot probleme sal aanleiding gee nie en dat geen behandeling toegepas word wat kommerwekkende newe-effekte kan veroorsaak nie. Dit is 'n onveilige praktyk om seevaart toe te laat met enige bekende mediese toestand waar die moontlikheid van ernstige verergering wat deskundige behandeling vereis 'n berekende risiko is.

6. Die afwesigheid van dokters op die meeste skepe beteken dat seevaarders nie geredelik 'n dokter kan raadpleeg of spesiale behandeling kan kry totdat die volgende hawe aangedoen word nie. Skepe se omkeertyd in hawens is dikwels baie kort wat geen tyd laat vir die nodige ondersoek wat op 'n konsultasie by 'n dokter volg nie. Die standaard van mediese praktyk in die buiteland wissel en die fasiliteite wat ons in hierdie land as noodsaaklik beskou, is dalk nie in kleiner, afgeleë hawens beskikbaar nie. Dit is te betwyfel dat dit selfs wys is om seevaart toe te laat as die gebrek aan 'n noodsaaklike medikasie die snelle agteruitgang van 'n toestand kan ontketen.

7. Dit moet in gedagte gehou word dat daar in sommige bedrywe van seevaarders verwag word om lang tydperke in tropiese klimate deur te bring. Verder moet die meeste seevaarders hulle per lugreis by die skepe aansluit of daarvan vertrek. Hulle moet dus vry wees van enige toestand wat lugreis uitskakel, byvoorbeeld pneumotoraks en toestande wat aanleiding gee tot barotrauma.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

8. Waar medikasie aanvaarbaar is vir dienende seevaarders, moet reëlings getref word vir 'n reserwevoorraad van die voorgeskrewe middels om, met die toestemming van die skeepsgesagvoerder, in 'n veilige plek gehou te word.

9. Artikel 4 van die ILO-konvensie No. 73 meld dat wanneer die aard van die ondersoek voorgeskryf word, daar ag geslaan moet word op die ouderdom van die persoon wat ondersoek word en die aard van die pligte wat uitgevoer moet word. Daarbenewens meld Artikel 3 van die Konvensie dat 'n dienende seevaarder oor 'n mediese sertifikaat moet beskik wat bevestiging gee van sy of haar geskiktheid vir die werk waarvoor hy of sy op see in diens geneem moet word. Wanneer 'n gevolgtrekking gemaak word, moet die diensdoende dokter derhalwe alle mediese toestande aanwesig oorweeg, sowel as die ouderdom en ondervinding van die seevaarder, die spesifieke werk waarin hy of sy in diens geneem sal word en die bedryf waarin hy of sy in diens sal wees (waar bekend). Indien 'n seevaarder ongeskik bevind word om in sy of haar huidige hoedanigheid voort te gaan omdat hy of sy nie aan die ten volle onbeperkte seedienskategorie voldoen nie, kan 'n beperktedienssertifikaat uitgereik word wat die toepaslike beperkings meld.

10. Die standaarde is saamgestel om die maksimum buigsaamheid in die vertolking daarvan te verskaf wat versoenbaar is met die uiterste belangrikheid van die handhawing van die veiligheid van skepe op see, die veilige verrigting van die dienende seevaarder se pligte, terwyl sy of haar gesondheid terselfdertyd beskerm word. Toestande wat nie in die standaarde gespesifiseer word nie en wat indruis op die werkvereistes, moet beraam word in die lig van die algemene beginsel wat hierbo uiteengesit word.

11. Dit kan by geleentheid nodig wees dat die dokter, met die seevaarder se toestemming, 'n algemene praktisyn raadpleeg. Wanneer dit nodig is om ander dokters te raadpleeg, is die gewone etiese oorwegings van toepassing. Daar moet egter duidelik verstaan word dat die besluit oor geskiktheid, in ooreenstemming met die vereiste mediese

standaard, berus by die dokter wat aanvanklik die ondersoek gedoen het, behoudens die mediese appèlproses.

12. Volledige kliniese aantekeninge moet van 'n volledige mediese ondersoek gehou word, en minstens ses jaar behou word.

NB: Daar moet melding gemaak word van die ILO- en IMO-riglyne vir die mediese ondersoeke van seevaarders wat in die Kode gepubliseer is.".

**Skrapping van Aanhangsel 2 van Regulasies**

**11.** Aanhangsel 2 word geskrap.

## VERKLARENDE OPMERKING

*(Hierdie opmerking maak nie deel van die regulasies uit nie.)*

Hierdie wysigingsregulasies is opgestel om die Handelskeepvaartregulasies (Gesigsvermoë- en Mediese Ondersoek), 2004, te wysig om aan die vereistes van die Manila-wysigings van die STCW-konvensie en Kode, 2010, te voldoen en om aan die vereistes te voldoen van die Maritieme Arbeidskonvensie, 2006, en die Werk in Vissery-konvensie, 2007 (C188), wat in Junie 2013 bekragtig is.

'n Besluit is geneem om alle standaarde ten opsigte van gesigsvermoë en mediese geskiktheid uit die Regulasies te verwyder en dit te konsolideer in 'n kode, genoem die Kode van Maritieme Mediese Standaarde, wat in die Suid-Afrikaanse Maritieme Kwalifikasiekode gevind word.

'n Groot gedeelte van die wysigings handel met die kwessies wat uit bogenoemde spruit, en die res van die wysigings handel met die veranderinge wat teweeggebring word deur die wysigings aan die Handelskeepvaartregulasies (Veilige Bemanning, Opleiding en Diplomering), 2013.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za